**Julle het inderdaad volharding in die geloof nodig**

**Heb 10:32-39**

**2 Oktober 2022**

1. Heb 10:19-31 – Ons, die gelowiges, kan met vrymoedigheid in heiligdom ingaan langs nuwe lewende weg. Laat ons dan ingaan, styf vashou aan die hoop, mekaar aanspoor tot liefde en goeie dade. Laat ons nie willens en wetens aanhou sonde doen nie.
2. Vers 32: begin met "Maar....". Die skrywer wil die lesers opnuut bemoedig.
3. Vers 35 is kern van verse 32-29.
   a. Vrymoedigheid = vrymoedigheid van vers 19
   b. Groot beloning = toegang tot die heiligdom in vers 19, veral om in Allerheilgste te mag ingaan = hoop van vers 23
4. Bemoediging tot vrymoedigheid deur terug te kyk (Heb 10:32-34)
   a. Onthou die geweldige lyding van destyds toe hulle tot geloof gekom het (v32)
   b. Lyding: Beledig, verdruk, bespotlik gemaak, in gevangenis gegooi, op besittings beslag gelê (v33-34)
   c. Is dit tipies wat gelowiges kan verwag? Ja – vgl Mat 5:11-12, Joh 15:18-20
   d. Is daar sin in? Ja – vgl Rom 5:3-5, Jak 1:2-4, 1 Pet 1:3-7
   e. Hoe het Hebreërs lyding hanteer? Deurstaan, medelye gehad, met vreugde aanvaar (v32-34)
   f. Om te onthou hoe hulle in verlede lyding suksesvol hanteer het, sal hulle bemoedig in hede (want ons vergeet so maklik hoe God in verlede gehelp het – vgl Eks 16/17)
5. Bemoediging tot vrymoedigheid deur vorentoe te kyk (Heb 10:36-39)
   a. Volharding is nodig om belofte te verkry (v36)
      i. Belofte = belofte en hoop van vers 23
      ii. Volhard om God se wil te doen = volhard in die geloof
      iii. Wat is God se wil? Wy jouself aan God, deur anders te dink en te leef (Rom 12:1-2, 9)
      iv. Hoe volhard ek in praktyk? Deur toetse en lyding (Rom 5:3-4, Jak 1:2-3)
   b. Word bemoedig: Jesus kom definitief en Hy kom gou (v37, Op 22:12, 6:10-11)
      i. Maar dit is al 2000 jaar later! Ja, maar God se verlossingsplan is bykans voltooi. Elke persoon se lyding stop met sy sterfdag.
   c. Die wat in geloof volhard tot die einde, sal ewig leef (v38, Hab 1:2-3, 6, 2:4, Rom 1:17, Gal 3:11)
   d. Skrywer is oortuig Hebreërs sal ook volhard (v39, Heb 6:9)
6. Sterk ooreenkoms met gemeente in Smirna (Op 2:8-11)
7. Toepassings
   a. Beleef jy verdukking, swaar tye? Hoe hanteer jy dit?
   b. Beleef jy belediging, vervolging, beskuldigings omdat jy 'n Christen is? Indien nie, hoekom nie?
   c. Onthou jy doelbewus jou vroeër dae? Sien jy God aan die werk?
   d. Volhard jy in die geloof? Groei jy in die geloof?
   e. Sien jy uit na die wederkoms? Sien jy uit na jou sterfdag? Hoe berei jy jou voor vir daardie dag?